# VOLKSKOOL.

Dit het my regtig verbly om die enkele stemme oor C.N.O. in Die Kerkblad en in Koers te verneem. Die vonkie is daar nog, onder die as van die vuur, wat eenmaal so hoog gevlam het. In die stukke het 'n mens dadelik gevoel dat die beginsels, wat die ou C.N.O. bely het, nog daar is. Daar is nie ander beginsels nie. Die vraag is nou maar net om weer die beginsels in die praktyk te kry. As ons hier 'n voorstel kan kry, sal ons nie meer sukkel om belangstelling en medewerking te kry nie. Maar sonder so 'n praktiese voorstel, sal geen bede, geen oproep, geen aanprysing ook enige vrug afwerp nie. Wat in die verlede is, bly daar en ons volksontwikkeling, in die gesonde sin van die woord, kan ons ook nie misken en buite rekening stel nie. Ons moet voortbou. Dit is die voorreg van die beginselbelyder, dat sy beginsel bly, altyd bly, hoeseer die toepassing in die loop van die tyd ook al mag verander. En ons is nou so ver dat ons vir ons moet losmaak van die ou toepassing van die beginsel maar ook is dit die eis van ons tyd dat die beginsel weer moet toegepas word.

In die verlede het ons gehad, soos Dr. E. L. J. Venter en ander dit so mooi uiteengesit het, eerste die *private inisiatief* toe ons mense nog baie ver uitmekaar gewoon het en die behoefte aan geleerdheid nog nie so groot was nie. Maar al vroeg, in die laaste kwart van die 19e eeu is daarvan afgesien en is aangegryp die enige organisasie, wat daar toe was, nl. die kerk. Toe het daar feitlik eers *skole* gekom. Ouers, wat lede van die kerk was, het geen organisasie nodig gehad nie. Die kerk het hulle saamgebring en die verenigde aksie teweeggebring. In die begin van die 20e eeu, na die tweede vryheidsoorlog, is begin met selfstandige skool organisasie. Die kerk was nie losgelaat nie maar die C.N.O. beweging het die behoefte aan wyer en breër

organisasie laat voel. Daarom is daar ook samewerking gesoek met ander medebelanghebbendes, wat nie binne dieselfde kerkverband verkeer het nie. Dit kan ons noem die *skool* in noue verband met die kerk. Hierdie toepassing van die beginsel het sy werk gedoen. Ek dink ons besef nie wat ons aan die C.N.O.-beweging te danke het nie: positief, die resultate wat verkry is, en negatief, waarvoor dit ons bewaar het. In elk geval C.N.O. is uitgedien. Ons sal dit nie meer laat herleef nie. Ons sal daarmee ook onreg doen.

Lankal is aangewys as 'n moontlike toepassing van die beginsel van die calvinis in Suid-Afrika die *groepstelsel.* Dit beteken, sover ek dit kan verstaan dat die *ouers* optree, soos ons beginsel dit vereis. Die ouers tree dan in *groepe* op. Dit wil sê dat ouers van verskillende kerke met mekaar ooreenkom om, in aansluiting by hulle Belydenis en Doopsbelofte, in *hulle* skool *hülle* kinders te laat *opvoed* en *leer.* Hulle kies vir hulle die onderwyser, wat aan hierdie vereistes kan voldoen. Ook die onderwyser doen dan aansoek, waar hy met 'n vrye gewete al sy krag en gawe aan sy werk kan gee.

Dit is alles baie mooi, volgens ons ou beginsel, wat ten grondslag gelê het van die private skool, die kerkskool en die C.N.O.-beweging. Die moeilikheid kom nou net by die materiële kant van die saak. Dit is die ou geldkwessie. Hoe maak ons nou daarmee?Ek dink hier is nou die eintlike aanpak-plek. Vandag kry die staat die geld in, betaal die onderwysers en betaal ook vir die kinders. Daarom het hy die seggenskap en nie meer die ouers nie. En, die staat wat betaal verteenwoordig almal....alle groepe en volkslae. Die geld kom ook uit die volk, wat en hoe die samestelling ook al mag wees. Daarom het die een, wat die geld het, alles betaal en dus ook alle seggenskap het, geen standpunt, geen belydenis nie. Daar is al probeer om darem 'n algemene godsdiens daarop na te hou. Maar die ding is so vaag en sonder enige krag dat dit by onderwyser en kind eenvoudig sy hele godsdiens in vae newels laat opgaan.

Ons erken dat die staat geen plig het om een of ander godsdiens voor te skryf het nie. Hy mag ook nie een of ander godsdiens van die onderdane bevoorreg nie.

Daarom staan hy sogenaamd neutraal. En nou is die middel om die neutraliteit te handhaaf: geen verpligte godsdiens nie. Hy, die staat, slaan hom self hier magteloos en die ouers staan ook magteloos. Is dit nou al weg vir die staat en vir die ouer? Dit wil ek tenenemaal ontken. Allereers 'n staat, wat in sy grondwet gebind is—hoe vaag dan ook al—aan 'n Christelike godsdiens, het geen reg om maar hierdie hoogste belang van die volk sommer links te laat lê nie. Dit is 'n skandelike pligsversuim, wat nie ongestraf sal bly nie. Maar hoe kan die staat dan hierdie belang van die kerke, van sy volk, hierdie heilige belang van die ouers onder sy regering, en ook hierdie gewigtigste fondamentsteen in die vorming van sy toekomstige burgers en leiers op 'n ander manier behartig? Is dit moontlik? Ek sê ja. Dit is wel deeglik moontlik. Die staat is daar om die volk en nie die volk om die staat nie. Miskien dink sommige staatsmanne so, sonder dat hulle dit durf uitspreek. Maar die staat is daar om die volk. Die regering is daar om die volk te dien en nie anders om nie. Ek pleit nie vir volksoewereiniteit nie. Die regering dien die volk na God se ordinansie. Die geld wat nou al die mag en seggenskap aan die staat gee, kom uit die *volk*, nie uit die sak van 'n ding wat genoem word STAAT nie. Daardie mense bestaan uit al die verskillende persone, huisgesinne, groepe en kerke, wat ook al hulle oortuiging en Belydenis mag wees. Uit hulle sak kom die geld en met hulle hand gee hulle dit. So vloei dit in die een kas, waaruit alles betaal word. Maar as dit almal se geld is, is dit nog nie niemand se geld nie. Hier sit die fout. Watter skade sal die staat ly as hy uit daardie kas ook elke groep laat profiteer? Nee. die staat, die volk, die kerk....almal kan net die voordeel hê dat daar 'n ontwikkeling plaasvind, wat in alle dele alle elemente tot ontplooiing sal bring.

Waarom dit nie gedoen word nie, kan alleen verklaar word uit 1) 'n verkeerde *opvatting,* 'n hopeloos kortsigtige opvatting van wat die staat, die regering en die volk is. Maar ons leef tog waarlik nie meer in De Mist se dae nie? 2) Uit 'n *geheime godsdiensdwang* want ons sal dan die Roomse, Mohammedane en andere

ook bevoorreg. Nouja, as dit altyd stil in gedagte gehou word, maak ons vir ons skuldig aan die gruwelikste fariseïsme, het ons geen reg om ooit geld van enige van die mense in die kas van die staat te laat vloei en leef ons uit 'n egte middeleeuse beginsel van gewetensdwang. Die calvinis wil aan elke een al die regte, wat God hom gegee het, laat toekom, sonder om bang te wees dat ons onse God sal moet handhaaf. Hy sal dit self doen. 3) 'n geheime *predominasiegedagte*. In stilte moet darem maar deur die *neutrale* staat gesorg word dat een of ander seksie die botoon behou. Die staat bevoorreg dan nie net een *groep* nie, maar bepaald een of ander *kerk*. Miskien is dit die rede van die skriklike vrees wat die staat het vir alle bemoeiing van die kerk met die skool. Gewetenswroeging. Intussen leer die staat die *kerk*, die *ouers*, sy *burgers* en die *onderwysers* om hulle aan allerlei onderhandse, selfs gruwelike praktyke, onheilige middels en verderflike fariseïsme skuldig te maak. Die Kerk *wil* en *moet* die belange van sy mense, sy lidmate voorstaan; die ouers *kan nie* anders as soek na die oorwinning van hulle oortuiging ten opsigte van hulle kinders; die skoolmeester *moet* 'n pos hê en *moet* hom op sy pos handhaaf; die staat voel die drang, die behoeftes en regte van sy volksdele en laat dan maar hier en daar, en wie weet waar, oral dit en dat maar in stilte passeer. Dit veroorsaak ontsaglik veel kwaadgevoel, haat, wantrou en wat nie al nie onder die bevolking, terwyl die staat daar sit met 'n vrome en onskuldige tronie....Hy is mos neutraal! 'n Mens se siel word ontroerd as jy alles moet sien en aanskou. So kan dit nie langer aangaan nie

Gee aan elke volksdeel of groep wat hom toekom; help hom weg, gee hom kans om te ontplooi, vrywaar hom van onheilige praktyke, bied die geleentheid aan groepe en dele van die volk om te ontwikkel en hulle self te handhaaf. As hulle hulleself nie kan handhaaf nie, beteken dit dat hulle nie meer die waarheid en die beginsel aan hulle kant het nie. Want wie by die waarheid en die beginsel staan, sal krag hê om homself te handhaaf.

So kom ons beginsel ten opsigte van die skool en die staat tot sy volle reg. Dit is die *ouers se skool,* wat aansluit by hulle Belydenis. Die staat gee *hulp, subsideer,* want dit is *nie sy kinders nie* en hy is ook nie net vir hulle materieële belang verantwoordelik nie. Hulle is mense en het hoëre belange, wat ewe belangrik vir die staat is. Ook die onderwyser gaan waar hy wil en doen sy werk met 'n geruste hart en na sy volle oortuiging. Al die wanpraktyke, haat, nyd en wrok, word dan afgesny. Ek wil geen enkele oomblik voorgee dat dan alles pais en vree sal wees nie. Maar dit is honderdmaal beter as wat ons vandag het. Daarvan is ek heilig oortuig.

Maar dan kry ons nie meer C.N.O. nie. Ons kry dan 'n *volkskool.*

Die volk bestaan uit groepe van mense, huisgesinne, kerke en ons het vir hulle 'n skool, wat miskien 'n bietjie duurder sal wees as ons teenswoordige skool. Maar ons sal dan waarde kry vir wat ons vandag het. Die skool kan alleen daarmee win. En die ekstra wat ons kry, sal enige ekstra koste meer as regverdig.

As ons dus wil werk, dan moet, dan kan ons m.i. werk vir die *volkskool.*

Dit sal geen totaal nuwe toepassing van ons groot beginsel, wat so oud is as Suid-Afrika self, wees nie, maar seker 'n toepassing van die beginsel beter as ooit te vore.

Ons moet net nie verlang dat die omkeer in een dag moet plaasvind nie.

Ons moet aansluit by wat vandag al daar is in dié rigting en ook by wat reeds vergun, geduld en toegelaat word, waarop ek nou nie kan ingaan nie. As ons in die rigting gaan werk dan *doen* ons tog iets en *praat* minder.

D. GERBRAND VENTER.

—oOo—